**NED. GEREF. GEMEENTE KOLLEGEPARK**

Leraar: Dr. D.P. Senekal.

Esias Grobler Straat 1, Vanderbijlpark

Tel: (016) 933 2982

Epos: dasen@mweb.co.za of ngkpark@absamail.co.za

---

**26 Augustus 2020**

Skriba van die Algemene Sinode van die NG Kerk
Skriba van Sinode van Goudland Sinode
Skriba van die Ring van Vanderbijlpark

Heil die Leser,

**Kennisgewing insake Dolering**

Die Kerkraad van Kollegepark Gemeente het op 'n Kerkraadsvergadering van **25 Augustus 2020** met groot kommer en ontsteltenis kennis geneem van die Algemene Sinode 2019 se nuwe besluite oor selfdegeslagverhoudinge.

• Al ons lidmate het by hul openbare geloofsbelydenis belowe dat ons die Bybel as Woord van God aanvaar en dat ons daarin sal volhard tot die einde van ons lewe en "alle leringe wat daarvan afwyk sal verwerp"
• Al ons kerkraadslede (ouderlinge, diakens en leraar) het by bevestiging in die amp hierdie belofte weereens herhaal.
•Ons bely ook almal in die Nederlandse Geloofsbelydenis Art 7 "ons verwerp daarom met ons hele hart alles wat nie met hierdie onfeilbare reël ooreenkom nie."

Die kerkraad is oortuig dat die Algemene Sinode 2019 se besluite oor selfdegeslagverhoudinge direk in stryd is met dit wat die Woord van God ons daaroor leer. Die Algemene Sinode erken die huwelik as die enigste verbintenis tussen man en vrou maar wil dan ook 'n burgerlike verbindtenis tussen persone van

**NED. GEREF. GEMEENTE KOLLEGEPARK**

Leraar: Dr. D.P. Senekal.

Esias Grobler Straat 1, Vanderbijlpark

Tel: (016) 933 2982

Epos: dasen@mweb.co.za of ngkpark@absamail.co.za

dieselfdegeslag propageer deur te sê elke gelowige of Gemeente moet self besluit of dit reg of verkeerd is.  In die lig van bogenoemde het die kerkraad besluit:

Om al die besluite van die Algemene Sinode van 2019 oor selfdegeslagverhoudinge in geheel te verwerp.
Om amptelik ’n **geskil** met die Algemene Sinode te verklaar oor bogenoemde besluite in die lig van God se Woord.
Om intussen as gemeente oor te gaan tot ’n staat van **dolering** waardeur ons saam met baie ander behoudende lidmate en kerkvergaderings treur oor die afvalligheid van die Algemene Sinode.
Om die ASM te versoek om in die lig van die erns van die saak dringend ’n Algemene Sinodale vergadering byeen te roep waar die geskil besleg kan word.
Aangesien ons geskil met die Algemene Sinode is, is dit na ons beskeie mening die enigste kerkvergadering wat die saak weer kan regstel. Daarom stel ons nie belang in taakspanne of kommissies se besoeke nie want hulle het geen mandaat om die Algemene Sinode se besluite te wysig nie.
Die praktiese implikasies sowel as die graad en tyd van ons doleransie sal bepaal word deur die reaksie van die ASM en Algemene Sinode op ons versoek vir ’n buitengewone vergadering waar die saak indringend bespreek kan word.

Die kerkraad van NGK Kollegepark

Leraar: Dr. DP Senekal

Skriba: Prop. M Wessels

NED. GEREF. GEMEENTE KOLLEGEPARK
Leraar: Dr. D.P. Senekal.
Esias Grobler Straat 1, Vanderbijlpark
Tel: (016) 933 2982
Epos: dasen@mweb.co.za of ngkpark@absamail.co.za